NG KERK FOKUS BERG-EN-DAL

**Sondag, 10 November 2024**

**Kyk op, kyk dieper, kyk vorentoe – en sien die sterre én die Seun van God, ons Leidsman, ons Broer!**

*"Heer, ons Heer, hoe magtig is u Naam oor die hele aarde,*
*U wat u luister bo die hemelruim vestig...*
*... wat is 'n mens dan dat U aan hom dink,*
*'n mensekind dat U aan hom aandag skenk?*
*U het hom net minder as 'n hemelse wese gemaak...*
*U laat hom heers oor die werk van u hande..."*
(Psalm 8:1, 5, 6 en 7)
*"... Nou sien ons egter nog nie dat alles aan hom onderwerp is nie. Maar ons sien Jesus, met heerlikheid en eer gekroon, Hy wat deur sy lyding vir 'n kort rukkie minder as die engele gemaak is, sodat Hy, deur God se genade, ter wille van almal die dood sou ervaar... Sowel Hy wat heilig maak, as hulle wat heilig gemaak word, is almal uit Een."*
(Hebreërs 2:8-9, en 11)

In 'n tyd, so roerig soos ons s'n, in 'n wêreld so ontstuimig soos dié, word die hunkering na stilte en 'n asemskepkans, na hoop, al groter. Die afgelope week se nuus, wêreldgebeure, Mosambiek, ons eie brose bestel én daarby ons eie moegheid van die einde van die jaar – noem maar op. Wat sou ons sien as ons aan die einde van 'n dag uitstap en opkyk? Prof. Andrie du Toit, jarelank Nuwe Testamentikus aan die Universiteit van Pretoria, skryf:

*"Wanneer ons almagtige God snags*
*sy swart fluweeldoek oor die onmeetlikheid van die hemelruim uitsprei*
*en sy triljoene skeppingsjuwele daarop uitstal,*
*verdwyn ons so amper in die niet.*
*En tog, sê die psalmdigter,*
*dink hierdie selfde grote Skeppergod ook aan ons..."*

Prof. du Toit skryf dit, ja, in aansluiting by Psalm 8, maar... soos dit aangehaal word in die Brief aan die Hebreërs (hfstk. 1 en 2)! 'n Brief geskryf vir mense wat aan die einde van die eerste eeu, iewers rondom die Middelandse See op moedverloor se vlakte beland het – dit gaan nie goed met hulle, daar is vervolging en twyfelvrae. Soos die psalmdigter dit dalk ook ook in die spotstemme van "teenstanders en wraakgieriges" (8:3) gehoor het! En dan beleef dat om óp te kyk, dieper te kyk, verder vorentoe... ons met nuwe oë onsself, die ander rondom én God raaksien. God, in die mens Jesus Christus! Dit roep ons op tot verwondering, vertroue en verantwoordelikheid – hier, November 2024.

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout, in die kerk; gesinsdiens in die saal gelei deur ds. Johan Marais. Welkom alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet.

# LITURGIE

**Stilte vir gebed en aansteek van 'n Wydingskers**

**Wydingslied:** "O wat 'n vreugde in ons harte" (Lied 165:1 en 2)

**Votum & Seëngroet**

**Loflied:** "O, Here, God, u Naam is groot op aarde"
(Psalm 8:1 a, 2 v, 3 m, 4 v, 5 m en 6a)

**Herinnering aan die Tien Woorde vir 'n gelukkige, gesonde, geseënde lewe**

**Verootmoediging:** "Wees my genadig, Here my God" (Lied 246)

**Genadeverkondiging**

**Dooplied:** "Jesus neem ons kleine kinders" (Lied 293:2 en 1)

**Getuienis van doopouers:** Zaku en Danielle Boonzaaier

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum (hardop en staande)

**Doopbediening aan:** Kennedy Bailey Boonzaaier

**Danklied:** "Jesus neem ons kleine kinders" (Lied 293:3)

**Gebed**

**Gebedslied:** "Spreek Heer" (Lied 254)

**Eerste Skriflesing:** Psalm 8:1-10

**Gebedslied:** "Spreek Heer" (Lied 254)

**Tweede Skriflesing:** Hebreërs 1:1-4 en 2:5-12

**Gebedslied:** "Spreek Heer" (Lied 254)

**Verkondiging**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Slotlied:** "Heer, bewaar my dig by U" (Psalm 16:1 en 2)
"Jesus wat my liefhet, Heer" (Lied 578:3)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 10 Nov | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | **17:00** – Ds. Jan Lubbe (Afsluiting van Senior Kategese) |
| Donderdag, 14 Nov | 11:00 – Ds. Johan Marais (Siësta Biduur) |
| Sondag, 17 Nov | 09:30 – Ds. Johan Marais (Kerssangdiens) |
| Sondag, 24 Nov | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Dankie sê-diens) |
| | 09:30 – Ds. Johan Marais (Siësta Nagmaal) |
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Jan Lubbe (Jaarwyding en Taizé) |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 10 Nov | Herman Strauss en Alida Strydom. |
| 11 Nov | Lana Buys, Helena Pool en Schalk Wentzel. |
| 12 Nov | Joréda Hoffman, Kosie Kruger, Nieke Matthee, Susan Nel en Helena Samuel. |
| 13 Nov | Stephan Benadé, Shirene Botha, Fran de Jager, Dawid Griessel, Cobus Marais en Miguel van Wyk. |
| 14 Nov | Corrie Geldenhuys, Twanette Koekemoer en Annalize Miennie. |
| 15 Nov | Elsabé de Jager, Charles du Preez en Schalk Swart. |
| 16 Nov | Lisa Bloem, Helena Buys, Michelle Coetzer, Valken de Villiers, Nicolaas Jansen van Rensburg, Susan Jordaan, Daniel en Gustav Schulenburg, Arno Theunissen en Soveij van der Schyff. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Oom Mike de Kock (Oliewenlaan 51, wyk 17); Tannie Dolly Aucamp (Oliewenlaan 57, wyk 17); Liz Coetzer (Kiepersol Oord 18, wyk 16); Charlotte Horak (Drommedaris singel 5, wyk 14); Oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 8b); Tannie Winnie Barnard (Bewarea 96, wyk 8c); Joanita Rossouw (Ray Championweg 8A, wyk 12a); Nelia Oosthuyzen (Serenitas 37, wyk 15a); Thea Botha (Santé Aftreeoord 104, wyk 18b) en Sheila Prinsloo (Serenitas 160; wyk 15b). Ons dink ook aan Anna-Marie Herbst wie se moeder Ralie Poggenpoel baie siek is; hulle woon in die Kaap en was vroeër lidmate van Berg-en-Dal.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die konsistorie "*'n Dankbare lewe"* (oor die Onse Vader-gebed). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

**Moeg en oorlaai en verlangend na 'n bietjie rus?**

Ons nooi almal uit na 'n kort stilwordkans by Menuha, op Vrydag en Saterdag, 29-30 November 2024. Gerieflike verblyf, mooi natuur, wye stilte en die Woord – stuur jou naam na die kerkkantoor en ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil saamgaan.

## KERKRAADSAKE

<u>Vir Pastorale Sorg</u>:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe…
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Kerkraadsverkiesing:**
Op 'n kort spesiale kerkraadsvergadering vanoggend, is 'n aantal lidmate as ouderlinge en diakens aangewys – ons gee die name aan u deur vir oorweging en voorbidding.

**Bestuursraadsvergadering: Maandag, 11 November om 18:00**
Die laaste bestuursvergadering vir 2024 vind môre-aand plaas; sakelyste is elektronies versend; ons vra ook hiervoor die gemeente se voorbidding vir ons beplanning vir 2025.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In November sorg **Wyke 19** (Bayswater en verder Oos) en **20** (Waverley en Suidwaarts) vir ons gasvryheid, Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Dankie vir almal se bydraes. Indien jy graag ook hiermee wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

### GEMEENTEBEDIENING

**Seniorbediening:** Ons nooi alle 65+ers uit na ons jaareindfunksie, op <u>Woensdag, 20 November om 10:00</u> die oggend. Dit sluit 'n koppie tee, 'n kort geselstema en beplanning vir 2025 in, en dan 'n heerlike vroegmiddagete – hiervoor moet u bespreek, en ons versoek dat name asb nie later as teen Maandag, 18 November om 12:00 by die kerkkantoor opgegee sal wees nie.

**Vrouekomitee:** Ons benodig nog Wykskoödineerders vir 2025…
Dagboek ook solank 21-23 Februarie 2025 vir die **NG Kerk Vrystaat Vrouekonferensie** te Amanzi met prof Stephan Joubert.

### JEUGBEDIENING

**Kategese 2025:** Kategete word benodig om in 2025 ons jong lidmate te help onderrig op Sondagoggende en Woensdagaande. As die Here dit op jou hart druk – ook as meelewende ouer – om hiermee te help, kontak asb die leraars en/of kerkkantoor vir meer inligting.

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, <u>10 November</u>: **Vennootskap Reformed Church Zambia.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

SnapScan